

**14 Junie**

**Genesis 12:1-4, (Teks: 12:1, 4)**

***God roep Abram deur die Woord alleen***

Hoe trek God Abram op uit die moeras van die heidendom? In 'n paar onopvallende woordjies staan dit daar: "En die HERE het gesê". Ons jaag so maklik oor sulke woorde en tog lê daarin die hele geheim van Abram se redding uit die dood van die sonde opgesluit. As die Woord van die HERE weerklink, kom daar beweging: Abram hoor die Woord en hy breek met die afgodediens.

Dit gaan hier soos aan die begin by die skepping. Daar het God ook net gespreek en uit niks het iets te voorskyn gekom. Hy het gesê: Laat daar lig wees en daar was lig. Hier doen die HERE weer so: Hy spreek net en in die hart van Abram, waarin daar eers niks was nie - geen geloof en geen liefde nie - kom daar geloof. Die HERE spreek en die lig van die Evangelie word ontsteek in die donker hart van Abram. In ons lewens gaan dit nie anders nie: sy Woord alleen herskep ons. Daarom is dit so belangrik om na die Woord te luister in die kerk en by die huis. In ons tyd sal die kerk op geen ander manier groei, vernuwe word en oplewe as net deur die Woord alleen nie. En daardie Woord is Christus! In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.

Sing: Psalm 33:5

Dr. A.H. Bogaards (Daniëlskuil/Delportshoop)